



ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANiA

September, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 10




# BKO studente benodig mentors in praktyk

Bo-Karoo Opleiding (BKO) se personeel en leierskap bedink voortdurend innoverende idees wat tot die voordeel van hul studente se praktiese opleiding kan lei.

Tydens 'n inligtingsaand op Woensdag 2 Oktober, is die geleenthede vir voornemende mentors, wat reeds in die industrieë van loodgieter, elektries of konstruksie staan, om van studente in hul werkplekke gebruik te maak, uitgelig.

**Paul Vogel**, uitvoerende hoof van BKO, het verduidelik dat die behoefte aan arbeid in Orania vergemaklik kan word deur studente aan te wend wat reeds in 'n spesifieke rigting studeer, om daardie arbeid te verrig, en in ruil daarvoor word die student met die noodsaaklike vaardighede toegerus wat aan bedryfsvereistes voldoen.

**Johan Klinck, BKO se hoof van ambagte** het dit so aan mentors gestel: "Help ons om vaardighede te versterk deur jou werksplek vir ons opkomende ambagslui oop te maak."


Johan Klinck

Johan het bygevoeg dat BKO fokus op gestruktureerde opleiding dit vir werkgewers maklik maak om hul studente te plaas, en dat die mentorstelsel sal verseker dat vakleerlinge onder die beste omstandighede kan leer en ondervinding opdoen. Hy het bygevoeg dat die beroepssertifikaat gebaseer is op vaardigheid en voldoening aan bevoegdhede, en nie op 'n tydperk waarbinne sukses bereik moet word nie.

BKO bied verskeie beroepskwalifikasies aan, insluitend Elektrisiën, Loodgieter en Messelaar, elk met NKR-vlak 4 sertifikate. Hierdie programme stel studente in staat om hulle loopbane in verskeie sektore verder uit te bou.

Die voordele van die beroepskwalifikasie is as volg beskryf:

- Goed gevormde vakleerlinge met nodige kennis en vaardighede vir die werkgewers.
- Werkgewer is nie gebind met 'n drie-jaar vakleerlingskap kontrak nie.
- Werkgewers het vakleerlinge vir 18 maande aaneenlopend.
- Meer gestruktureerd en gestandaardiseer.
- Kwalifikasies is op gelyke voet met internasionale vereistes, kwalifikasies en neigings.

*Na bladsy 2*


Bo-Karoo Opleiding se nuwe studenteraad vir 2024/2025 is onlangs aangekondig. Jo-Mari Conradi (Sekretaris), Hencko Vollgraaff (Voorsitter), Marlize van Rooyen (Sport en Kultuur) sit voor en links agter staan Marike Labuschagne (Hoof: Studentesake), Wynand Hugo (Studente-ondersteuning), Charl Knoetze (Sosiaal), Ruben Doubell (Adjunkvoorsitter) en Paul Vögel (Uitvoerende Hoof).

## KITSNUUS

Lees meer binne

**Heldedag word gevier**
*Bladsy 2*

**Jannie Roux bou monumente**
*Bladsy 3*

**Thomas van Dalen reik uit**
*Bladsy 3*

**NALN is 'n letterkundeskatkis**
*Bladsy 5*

**Borskankerstories wat jou ruk**
*Bladsy 6*

**Marna leer sjinese kinders**
*Bladsy 7*

**Ilze Smit verken soetigheid**
*Bladsy 9*

**Orania hou karnaval**
*Bladsy 11*

**Volkskool se matrieks neem afskeid**
*Bladsy 11*

**Fikse meisies behaal 2de plek**
*Bladsy 12*

## Skakels

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS
### met die redakteur



## Wanneer is genoeg, genoeg?

Dit gebeur gereeld dat iemand 'n versoek het waaraan jy nie letterlik kan voldoen of mee kan help nie. Dit is dan wanneer die woorde: "ek sal vir jou bid" maklik geuiter word. Ja, dit word met die beste bedoelings gesê, maar die vraag is of ek en jy dit die daad dan by die woord voeg… Bid ek en jy dan werklik vir daardie persoon en hul versoek, situasie of uitdaging?

Daar word dikwels na Christene verwys as hoogmoedig of selfsugtig as ons nie dadelik aan 'n versoek kan voldoen nie. Ek kry té gereeld 'n boodskap wat sê: "My pa het sy werk verloor. Het Orania vir hom werk en blyplek?" Jare terug sou my eerste instink wees om hulp te soek. Deesdae, na herhalings van dieselfde tipe versoeke, is my instink om te vra: "Wat doen jy om hom te help?"

In Potchefstroom is ek onlangs deur 'n jongerige man genader waar hy vir geld vra sodat hy 'n buskaartjie na 'n volgende werksgeleentheid in 'n ander stad kan koop. "Dit sal net R500-00 kos, mevrou." Weer skop die oeroue instink in en ek wil vra: "Waar is jou familie?" Die tragiese is dat ek onder geen omstandighede hierdie betrokke persoon geglo het nie. Dit het nie geruik en gelyk asof hy 'n buskaartjie benodig het nie.

En daar oordeel ek wragtig die persoon se intensies!

Ek glo sterk in onderskeiding en wil glo dat ek darem die leuen van die waarheid kan skei, maar wat is my rol as Christen? Daar is geen manier dat ek en jy elke behoeftige individu fisies met geldnood kan bystaan nie, maar vertrou ons die Vader genoeg om werklik vir daardie persoon te bid?

Daar is gegoede persone wat dalk nie die einde van hul skatte ken nie, en met daardie aanname kan ons vra: "Wanneer is genoeg, genoeg?" Wat iemand anders met hulle hard verdiende geld of sogenaamde trustbaba-geld doen het egter met my en jou niks te doen nie. Daar moet nie aan my verantwoording gedoen word nie. Slegs God vra rentmeesterskap van ons gawes, geld en talente.

Gee ek en jy genoeg van onsself? Is ons diensbaar?

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing volgens Galasiërs 5:22.

Kom ons gee hier aan die einde van 2024 drukkies, omgee, tyd en gebed vir mekaar. Laat jou lig skyn.

Skink 'n koffie voor jy jou stiltetyd by God se voete aan jou familie, bure, vriende, familie en gemeenskap wei. Dit is genadetyd! Mag die Vader se genade vir ons elkeen GENOEG wees!

*Dia van Staden*

# Studente benodig mentors in praktyk (vervolg)

*Van bladsy 1*

Die voornemende mentor se werkplek sal aan sekere vereistes moet voldoen om die kwaliteit van die opleiding en werkservaring vir die student te verhoog. Daardie spesifikasies vir die goedkeuring van die werkplek sluit sleutelaspekte in soos voldoening aan opleidingstandaarde, 'n gekwalifiseerde ambagsman wat die mentorskap verskaf, die werksplek se infrastruktuur en beskikbare hulpbronne, voldoening aan gesondheid- en veiligheidstandaarde (OHSA), die teken van vakleerlingskapooreenkomste en voldoening aan wetlike statutêre vereistes. Die betrokke SETAs sal self die werkplek-evaluering hanteer. BKO beoog om mentors by te staan in die proses om hul werkplekgoedkeuring te bekom.

Sodra die span van die SETA die werkplek van 'n mentor goedkeur sal die SETA 'n Werkplekgoedkeuringsdokument uitreik wat kwalifikasies en die aanbevole hoeveelheid vakleerlinge bepaal. Monitering sal gereeld gedoen word om te verseker dat daar aan die nodige uitkomste aandag geskenk word.

**Sanri Stone, Netwerk Koördineerder vir Solidari-teit**, het die noodsaaklikheid van veiligheid, gesondheid en welsyn in die werkplek en op 'n bouperseel bespreek. Die risikobestuur van die onderskeie verantwoordelikhede is beklemtoon. "'n Gesonde en veilige werkskultuur vir Orania en sy werksmag is 'n kern prioriteit," het sy genoem.

**Anita Schutte, SAIPA Geregistreerde Reken-meester,** het die mentors onder andere daaraan herinner dat die werkloosheidsversekeringsfonds, werknemersbelasting, vaardigheidsontwik-kelingsheffing, beurse en leerlingooreen-komstoelaes noodsaaklike statutêre vereistes is.

**Paul** som die aanbod as volg op: "Die beroepskwalifikasie model wat BKO aanbied, kombineer 18 maande teoretiese en praktiese opleiding by BKO, gevolg deur 18 maande praktiese werk onder die toesig van 'n gekwalifiseerde mentor in 'n goedgekeurde werkplek. Dit verseker dat studente nie net vaardighede bemeester nie, maar ook gereed is vir die moderne mark."

> Die implementering van dié innoverende beroepskwalifikasiemodel vir studies met 2025 innames, sal die tradisionele vakleerlingskap vervang.



Sanri Stone



Anita Schutte



Paul Vogel

# Heldedag werp lig op ons roemryke geskiedenis

Foto - Verskaf



Lida Strydom het die storie van die Kaalvoetvroue en die ontstaan van die Koeksistermonument met die gemeenskap gedeel. Dié koeksister het onlangs omgeval, maar is gou weer in ere herstel.

Oraniërs het vroegoggend op Donderdag 10 Oktober bymekaargekom om Heldedag te vier. Dié dag is jaarliks 'n amptelike vakansiedag in Orania.

Lede van die gemeenskap het al stappende deur die dorp beweeg. Daar is by verskeie bakens stilgehou en kundige sprekers het die geskiedenis van Afrikaner volkshelde voorgehou.

Ds Durandt du Preez het die verrigtinge geopen voordat die groep na die Beeldekoppie gestap het vir 'n baie interessante aanbieding deur dr Louis Bothma oor Hendrik Verwoerd se rol in die Afrikaner se geskiedenis.

By die Ierse Monument het Joost Strydom oor die Iere se rol in die Tweede Vryheidsoorlog gesels. Die rol van vroue binne die vryheidstrewe is deur Lida Strydom by die Koeksistermonument hanteer.

Carel Boshoff het by die Mosaiektrappe meer oor die Oraniapioniers gedeel voordat ds Ronald Bain by die voorgestelde stadsplein van President Paul Kruger se Afrikanerskap getuig het.

Die oggend se interessanthede is met koffie en koeksisters gevier en afgesluit met 'n toer deur die Kultuurhistoriese museum.



# Jannie woeker op 70 nog met ywer

Dia van Staden - Redakteur



Foto - Dia van Staden

Hy is nie meer 'n kuiken nie, maar as daar van braaikuikens gepraat word, staan hy voor in die ry met kennis, ondervinding en slagplanne. Jannie Roux is sedert die stigting van Orania by die idee betrokke, en het in 2013 vanaf Kroonstad na Orania verhuis om sy entrepreneurwortels diep te kom plant.

As gesoute vleisboer en produsent het Jannie in 1998 'n hoenderabattoir gevestig, wat steeds van krag tot krag gaan. Hy het in 2005 sy aandele in dié betrokke besigheid verkoop om net verder met sy insig te woeker. Sy nuwe lappie grond in die Boesmanland, tussen Kenhard en Pofadder, het 'n geleentheid tot ekstensiewe vleisproduksie opgelewer.

Jannie kan nie stilsit nie en tydens 'n besoek aan NAMPO Wes-Kaap in 2010 het hy iets raakgesien wat hy in kon glo en wat hy in Orania kon uitbou. Orania Betonwerke het tot stand gekom, aangesien hy kon inkoop in die vervaardiging en gebruik van boublokke vir projekte.

"Die hele Kloekielaan in Kleingeluk se huise is met dié boublokke gebou," vertel hy met trots. Hy verduidelik dat die boublokke 'n goedkoper boukonsep toelaat en dat dit 'n produk is waarmee maklik gewerk kan word. "Jy het nie spesiale vaardighede nodig om daarmee te bou nie. Ek gebruik dit vir al my bouprojekte," voeg hy by. In 2019 verkoop hy die besigheid aan sy seun, Janneman.

Aangesien Jannie vinnig vertel dat hy in sy vryetyd werk, het hy 'n nuwe uitdaging gesoek. NAMPO was weer die plek waar hy inspirasie gekry het. Hy het die eerste Eleksavoertuig daar aangeskaf en Sonja Roux ry steeds die eerste voertuig wat hy aan haar verkoop het. Hy het kort daarna die eerste 3-wiel bakkie (TailG) bestel en toe besluit om vanaf 2021 'n agentskap in Orania te bedryf.

Behalwe dat hy besighede in Orania vestig en daarmee werk skep het hy drie termyne as lid van die Orania Aandeleblok se direksie gedien. Vir 8 jaar het hy sy hoofrol as lid van die vergoedingskomitee ernstig opgeneem en ook daar sy insette gelewer.

Sedert die begin van die 70's was Jannie al as lid van SABRA betrokke. "Ek glo absoluut in selfwerksaamheid, want so het ons ook groot geword. Dit was altyd die droom dat die Afrikaner homself kan vestig. Ek het selfs op my plaas Afrikaners in diens geneem. Selfwerksaamheid is die antwoord!" hou hy met oortuiging vol. "Jy kannie van iemand verwag om insette te lewer en jy gee hom nie 'n aandeel daarin nie. Jy moet self in staat wees om te doen, en nie van ander verwag om werk namens jou te doen nie," voer Jannie verder aan.

Vandag betonwerke begin is, het hy dié beginsel toegepas. Die personeel het spaarbydrae gelewer wat maandeliks verdubbel is. So kon hy mense bemagtig om later hul eie eiendom aan te skaf. 'n Personeellid het binne 10 jaar sy eie eiendom afbetaal. "Eiendom gee vir jou die grondslag van trots, selfbeskikking en gemoedsrus vir jou oudag. As jy nie voldoende voorsiening gemaak het vir pensioen nie, het jy ten minste 'n dak oor jou kop," noem hy met erns.

Jannie glo daarin dat elke individu eienaarskap moet neem van die gemeenskap waarbinne jy woon. Dienslewering in praktyk is deel van sy lewensleuse en op die ouderdom van 70 bou hy voort. "Jy moet produktief bly solank jy die kennis en gesondheid het. Alle eer kom my hemelse Vader toe."

Hy neem sy omgewing waar en het daardeur gesien dat baie Oraniërs sonder vervoer moet klaarkom en tevoet rondbeweeg. Sy nuutste toevoeging is 'n pendelvervoerdiens wat deur elektroniese busse verskaf word. Die internasionale dekking wat dié twee busse gekry het, was verstommend. 'n Hele klomp sosiale media platforms het behoorlik gegons oor dié vooruitgang in Orania. Die kritici se monde is meestal deur positiewe kommentaar en ingeligte opinies gesnoer.

Jannie glo in billike arbeidsverhoudinge en bevorder graag harmonie tussen werkgewer en werknemer wanneer hy by arbeidskwessies betrokke raak.

Dié entrepreneur voorsien kloksisteme wat die tydhouding van werknemers vir 'n besigheidseienaar te vergemaklik. "Dit neem die angel uit arbeid," glo hy.

Asof dit nie genoeg van sy tyd in beslag neem nie, is hy betrokke by die installasie van dieselbeheerstelsels in die landbouomgewing. "Jy moet meet om te kan weet," glimlag hy. Hy bevestig dat SARS se dieselrabateise aan 'n paar voorgeskrewe standaarde moet voldoen.

Een van Jannie, en sy vrou Rita, se vier kinders woon in Kanada. Hulle het gedurende September vir 'n maand by hul oudste dogter en haar gesin gaan kuier om ook die kleinkinders te sien. Hul ander twee seuns woon met hul gesinne onderskeidelik in Witbank en Heilbron.

Sy raad aan persone wat Orania as hul Afrikanertuiste oorweeg is om te verseker dat dit 'n roeping is om die Afrikanerkultuur uit te leef en selfbeskikking toe te pas. "Ons grondslag bly ononderhandelbaar en iemand sal teleurgesteld wees in Orania en dalk te laat besef dat hy of sy nie hier hoort nie. Indien iemand nie werk het nie moet hy of sy bereid wees om enige werk te doen en die ekstra myl loop vir ons doeldorp."

Vir sy mede-Oraniërs wens hy dat elkeen eienaarskap sal neem vir waarmee hy of sy besig is. "Dit hang van jouself af of jy suksesvol sal wees," beklemtoon Jannie. Hy begeer 'n kultuur van samehorigheid waar elkeen verantwoordelikheid vir hul dade sal aanvaar.

Hy lê klem daarop dat Orania se skole en tersiêre sentrums vir studente verantwoordelikheid moet aangeleer, waar alle beginsels op die Skrif gegrond word. "Ons geestelike waardes binne Orania moet op 'n hoë standaard bly en jou optrede moet van redding getuig."

Daar bestaan nie vir Jannie Roux iets soos aftrede nie. Hy weet dat hy tot dusver 'n vol lewe gehad het, en aangesien hy op die stem van die Heilige Gees vertrou, weet hy dat tyd sal leer, want hy weet nie wat die toekoms inhou nie.

Sy droom bly egter dat hy monumente binne Orania wil bou, vir Orania. Die Pendeldiensbusse is net sy mees onlangse monument.

# Thomas is Orania se vennoot

Dia van Staden - Redakteur

Die AfriForum Opleidingsbestuurder sedert 2017, Thomas van Dalen, is ook in Februarie 2024 aangestel as die AfriForum streekshoof vir die Noord- waarbinne hy onder andere kyk na hoe veiligheidsstrukture in en om die Bo-Karoo lyk, sodat dit ontwikkel kan word. Hy is tans besig met beplanning oor doelgeskikte opleiding wat aangebied kan word vir die ontwikkeling van taktiese vaardighede vir inwoners om hulle in staat te stel om hullkeself te kan beveilig.

"Die uitrol van die ontwikkeling moet mense beindruk met hoe hul by die inhoud en uitvoer daarvan sal baat," redeneer Thomas. Hy noem dat AfriForum nie die luukse het om opleidingskorps met 'n permanente groep opleiers te hê nie, en moet daarom 'n strategie van gedesentraliseerde opleiding volg, waarvolgens instrukteurs of fasiliteerders op plaaslike vlak uit die takgeledere opgelei word om kursusse te kan aanbied.

Dit word gou duidelik dat Thomas 'n man is wat oop kommunikasie as 'n prioriteit stel. "My doelwit is om meer konteks oor Afriforum se doel in die dorp en streek te skep. AfriForum is nie die vyand nie. Ons is die vennoot wat die belange van die Afrikaner wil uitbou."

Die Gemeenskapsveiligheidsentrum vir Bo-Karoo en die Noord-Kaap is die beheerkamer vir AfriForum om met bestaande veiligheidssentrums in die Noord-kaap en nasionaal te skakel. Die Bo-Karoo gemeenskapsveiligheidssentrum sal ook as 'n rugsteun vir die AfriForum sentrale beheerkamer kan dien, sodra dit ten volle funksioneel is.

Die Bo-Karoostreek sluit ongeveer tien dorpe in: De Aar, Hanover, Douglas, Hartswater, Modderrivier, Ritchie, Koffiefontein, Luckhoff, Hopetown, Prieska en Britstown. Die ontsluiting van geskikte persele waar opleiding kan geskied en dan die opleiding van personeel wat opleiding deurentyd kan aanbied, is een van sy fokusareas.

Hy is bewus daarvan dat alle Afrikaners nie na Orania toe kan trek nie, daarom bly die skep van 'n vry en veilige hawe vir Afrikaners noodsaaklik. "Die beleid van federalisme, wat gedeeltelik in die Wes-Kaap uitgerol word, volg 'n ankerdorpstrategie." Daar waar die meerderheid Afrikaners in die land gevestig is, fokus AfriForum hul werksaamhede. Uiteraard is daar 'n duidelike fokus in terme van finansies, want uiteindelik moet 'n plek vir ons kinders se kinders se kinders gebou word." Hy beaam dat daar groot ontwikkeling geskied deur van ledegelde gebruik te maak, maar die noodsaaklikheid van beleggers word voortdurend bevestig.

Die voetspoor van AfriForum as 'n burgerregte-organisasie, wat reeds in ander streke baie goed ontwikkel is, moet ook in die Noord-Kaap ontwikkel word. Hy merk op dat die nasionale regering se fokus nie op die Noord-Kaap is nie en dat die verval in omliggende dorpies skrikwekkend is.

"Ek tik byna daagliks briewe aan munisipale bestuurders wat algemene verval aanspreek. Basiese regte soos riolering en water is van die grootste krisisse. Aangesien droogtes in ons streek aan die orde van die dag is, moet dit aandag geniet. De Aar sit met meer as 50 boorgate en baie daarvan funksioneer nie. Dit is die tipe goed waar ons betrokke raak en ingryp," verduidelik Thomas met oortuiging.

Hy vertel dat AfriForum 'n gemeenskapsorganisasie is

Thomas se ondervindingsveld het hom deeglik vir hierdie verantwoordelikheid voorberei. Na 14 jaar in die weermag en senior offisier in die Infanteriekorps was hy operasioneel in die Angolese oorlog en Suidwes-Afrika ontplooi. Hy was daar betrokke met die opleiding van troepe. Na 'n kort tydperk in die privaatsektor in 1995 het hy hom as 'n gevorderde lewensondersteuningsparademikus gekwalifiseer. Hy was operasionele bestuurder vir Netcare911 in Pretoria en was vanaf 2010 die algemene bestuurder van 'n internasionale mediese maatskappy in Johannesburg.

In 2012 verhuis Thomas en sy vrou na Hermanus waar hy tot 2015 mediese kontrakwerk vir AngloGold Ashanti gedoen het, deur nood mediese sentrums by myne in Afrika op te rig, mediese personeel personeel in die hantering van trauma op te lei en beleide en werksprosedures vir die klinieke te ontwikkel. Sedert 2015 het hy in verskeie poste in AfriForum beklee, en homself binne AfriForum bemagtig en verdere opleidingskwalifikasies behaal.

**'N STEENKRINGKONSEP, SODAT DORPE OM ONS HUL GEMEENSKAP MOBILISEER OM VEILIGHEIDSSTRUKTURE TE SKEP WAARBINNE HUL HULSELF KAN VERDEDIG. SO HOU ONS ORANIA OOK VEILIG.**

Thomas en Elmarie sal komende Desember 40 jaar getroud wees. Hulle het drie kinders met uiteenlopende geaardhede. Hul oudste is Elke, 'n haarstilis en entrepreneur wat in Paarl woon. Daar is nog net een kleindogter gebore. Waldie is 'n verteenwoordiger vir 'n mediese firma en 'n voormalige kranige atleet. Marique het blykbaar haar pa se kliniese persoonlikheid en werk as 'n prokureur in Hermanus.

Thomas is 'n familieman wat lief is vir die Karoo. Hy en Elmarie deel 'n liefde vir stap en goeie wyn, maar kwaliteit koffie word tydens enige kuier geskink. Hy filosofeer graag en geniet dit om strategiese planne te maak. "My deur is oop vir die gemeenskap. Kom kuier of gesels gerus met my," nooi Thomas.

Kontak Thomas by thomas.vandalen@afriforum.co.za om self te gaan gesels oor AfriForum se beplanning, of selfs om konstruktiewe insette te lewer.



# BEROEPSERTIFIKAAT:
# LOODGIETER

## studieaansoeke vir **2025** is oop!

Hierdie beroepsertifikaat stel studente in staat om as loodgieter aan die behoeftes en uitdagings van die huidige loodgieterindustrie te voldoen. Dit voorsien hulle met die nodige kennis en vaardighede om in verskeie omgewings koue- en warmwatertoevoerstelsels, dreinering-, riool- en reënwaterstelsels te installeer, te onderhou, te toets en te herstel.

*Studielenings beskikbaar!*

***SKRYF IN BY BKO.CO.ZA***

BKO

BO-KAROO OPLEIDING

# Sluit NALN in vir jou volgende besoek aan Bloemfontein

Fotos - Dia van Staden



Die NALN argief sal eersdaags al die uitgawes van Koerania by hul beskikbaar hê. Dia van Staden, redakteur, het die eerste paar uitgawes tydens 'n insiggewende besoek gaan aflewer.

Indien jy 'n boekliefhebber is en graag 'n rykdom van boeke, seldsame argiefmateriaal van ikoniese skrywers, unieke plateversamelings, foto's en publikasies van legendariese digters en soveel meer wil ervaar moet jy die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) besoek.

Vandat jy deur Annelien Diedericks, Museumgeesteswetenskaplike, by die ingang verwelkom word ontaard dit in 'n reuse ontdekkingstog. Foto's, skrywes, boeke, uittreksels, bundels en briewe word uitgestal en jy moet behoorlik kophou om sin te maak van die indrukwekkende inligting wat uit haar borrel.

Annelien is onblusbaar! Haar kennis, liefde en toewyding vir waarmee sy daagliks besig bly, is merkwaardig. Daar is egter 'n magdom sorteerwerk vir 'n baie klein span personeel.

Wyno Simes, kurator van die museum, vertel dat hul binnekort slegs twee personeellede sal wees wat vir 'n reuse taak verantwoordelik sal wees.

Op hul Facebookblad is daar onlangs genoem dat die 150ste bestaan van 'n hoeksteen vol stories in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in die Bloemfonteinse middestad in 2025 gevier word.

NALN is op die hoek van President Brand- en Charlotte Maxekestraat in Bloemfontein geleë. Hulle beywer hul vir die behoud en bevordering van die Afrikaanse woordkuns - letterkunde, musiek en toneel in holistiese verband.

'n Kelder vol geheime wag op jou om ontdek te word waar meer as 8000 regte, egte papierboeke, hope langspeelplate en vele meer in Vriende van NALN se Boekemark in die Ketelkelder bewaar word. Maandae en Donderdae vanaf 09:00 tot 12:00 kan die Ketelkelder besoek word en kan items aangekoop word.

NALN is die aktiewe geheue van die Afrikaanse erfenis in letterkunde, musiek en toneel. asook die radio- en rolprentgeskiedenis.

Kontak hulle by vriendevannaln@gmail.com om 'n skoolgroep, vriendekring, leesgroep of gesinsbesoek aan hulle te bring. Jy sal wegstap met 'n kop vol pragtige herinneringe wat jou siel sal voed.



Annelien Diedericks staan hier in die lokaal waar daar gereelde boekbekendstellings en besprekings aanbied word. Daar is 'n verskeidenheid skrywersbaniere wat gewilde skrywers se aandeel in die Afrikaanse literatuur uitbeeld.



Wyno Simes, die kurator van NALN, is 'n bron van literêre inligting.



Langspeelplate met opnames van stokou, maar pragtige skryfwerk van 'n verskeidenheid digters en skrywers is by NALN beskikbaar.

# Orasolbattery bring nou sy kant

Fotos - Dia van Staden



Orasolbattery skakel amptelik aan… Lida Strydom, John Strydom, Gawie Snyman, Riaan Jacobs, Pieter Loots en Francois Joubert het die lintknipseremonie bygewoon.

Op Saterdag 21 September is die Orasolbattery suksesvol aangeskakel en daarmee het Orania sy beurtkragvryheid bekom.

Dr John Strydom, voorsitter van Orasol, het in sy toespraak genoem dat vryheid vir hom beteken dat iemand vry is om hul eie besluite te neem en dit dan uit te voer. Hy het verwys na prof Carel Boshoff en dr Chris Jooste, twee stigterslede van Orania, wat hul visie vir die toekoms beplan het, maar ook uitgevoer het.

Mauritz Meyer, Francois Joubert en Riaan Jacobs is by name bedank vir hulle aandeel in die daarstel van die battery.

Riaan Jacobs, projekbestuurder van Orasol het genoem dat die projek, met al die uitdagings, uiteindelik 2 jaar geneem het om te voltooi. Hy het sy dankbaarheid teenoor die baie groepe en individue uitgespreek wat by die proses betrokke was. Hy het die uitleg van die terrein verduidelik en vertel dat die battery uit meer as vyfduisend selle bestaan wat vloeistofverkoel word.

Lida Strydom, die burgemeester, het gepraat oor die toewyding, volhoubaarheid en innovasie wat die battery vir Orania en sy mense verteenwoordig. "Energie is lewe. Dit bring potensiaal wat wag om ontgin te word," het sy gesels.

Pieter Loots, verteenwoordiger van een van die grondentiteite, het namens landbouers sy dank uitgespreek oor die projekspan se vermoë om saam te kon staan vir voltooiing van dié unieke projek.


Mauritz Meyer en Riaan Jacobs maak seker dat alle selle van die battery aangeskakel word.


Riaan Jacobs en Heine Heroldt, verteenwoordiger van 'n verskaffer, pronk voor die skakeltuig.



# Almarie het 'n nuwe normaal

Dia van Staden - Redakteur

Almarie Kruger (60) is in Oktober 2023 tydens 'n roetine-ondersoek met Fase 1 borskanker gediagnoseer. Die standaard proses van 'n biopsie wat geneem word, weggestuur word vir toetse en die terugvoer van 'n formele diagnose, is gevolg.

Sy kon oor 'n tydperk beleef dat elke persoon se ervaring en hantering van sulke nuus uniek is. Almarie het 'n stille aanvaarding beleef en wou dadelik 'n plan van aksie bedink. "Dit is ook my houding in die lewe," verduidelik sy nugter.

"Dit is soos iemand wat in jou huis intrek wat jou lewe kom oorneem. Jy moet met hulle praat en aandag gee. Dit beinvloed jou hele lewe en jou huisgesin se lewe. Jy moet vrede maak met daai ding," vertel Almarie.

**NAVORSING TOON DAT BORSVOEDING KANSE VIR BORSKANKER VERMINDER.**

'n Sonar met 'n naald en gidsdraad, wat aan die gewas haak, om die posisie presies te bepaal, is gedoen. Aangesien die kanker diepliggend, bo-op die borsspier geleë was, sonder infiltrasie van kliere, het Almarie 'n mastektomie (verwydering) van die regterbors gekies. Terwyl sy daarna voorkomende chemoterapie ondergaan het, het vele mense met die beste bedoelings, 'n Pandora se boks vol opsies en sieninge aangebied, wat mens opnuut verwar. "Jy moet jou eie pad deur 'n massa inligting navigeer."

Almarie moes elke keer tydens die chemoterapie haar seëninge tel, want sy was omring deur pasiënte wat vir hul lewens geveg het. Sy beskryf die newe-effek van die behandeling, al was dit vir haar voorkomend, was 'n onbeskryflike en konstante gevoel van naarheid en 'n progressiewe moegheid wat jou tot in jou siel toe stuit.

**DIT IS DIE VROU WAT BORSKANKER KRY, MAAR DIE HELE GESIN WORD GEAFFEKTEER**

Sy is gelukkig omdat sy 'n ondersteunende eggenoot in Danie, haar man van 33 jaar, het. "Die hele ondervinding het my diep geanker en ek kon werklik beleef dat ek nie alleen was nie, want die Here was by my. Ek het gereeld aan Daniël in die leeukuil of aan die dissipels wat op die boot in die storm was, en daardeur berusting gekry. Ek wou nie 'n las vir my man of my kinders wees of iemand meer ontstel nie. Ek moes eers self vrede maak met die nuwe normaal," vertel sy vol emosie.

Die moegheid en interne stryd het wel haar mede-reisiger op die pad geword, maar sy moes haarself dwing om met die vrou in die spieël, wat nie meer dieselfde lyk nie, vrede te maak. Haar kop was haarloos en haar liggaam het anders gelyk. Alles het haar gedwing om dieper te kyk en nie in die fisiese vas te kyk nie.

Tydens chemosessies is daar nuwe vriendskapsbande gesmee en selfs humoristiese gesprekke het deel uitgemaak van die nare ervaring. Die ouderdomsgapings van pasiënte maak ook dat mense die behandelingsopsies verskillend benader.

"Dit neem deursettingsvermoë om tot anderkant deur te druk. Ek het myself van sosiale geleenthede geisoleer omdat ek myself nie wou blootstel nie."

Almarie beveel vroeë identifikasie van dié stille bekruiper sterk aan. Haar moeder het borskanker gehad en daarom gaan sy jaarliks vir haar mammogram. Hoe vroeër 'n diagnose gedoen kan word, hoe minder van 'n koste-implikasie volg vir die behandeling. "Moenie wag vir knoppe en tekens nie," beveel sy ook aan.

Na 'n paar maande van haar nuwe normaal dink Almarie, in retrospek, dat sy meer genadig met haarself kon wees deur nie altyd gedryf te moes voel nie. Sy wou nie in 'n selfbejammeringsgat verval nie, maar weet dat sy haarself meer rus moes gun.

Sy erken die engele van haar gemeenskap, wie se vertroosting van onskatbare waarde was en steeds is. Almarie drink tans 'n estrogeenonderdrukker, aangesien hormone kanker laat groei.

Ek besef nou dat die stryd vir oorlewing moeiliker was as wat ek op daardie stadium besef het. Dit neem tyd om jou ewewig terug te kry en jy weet dat jy genadig met jouself moet wees, want jy is nie meer die mens wat jy was nie. Daar is 'n nuwe realiteit en jy kan nie maak asof niks gebeur het nie."

Almarie is 'n introvert wat soms teveel dink, maar sy begin nou om volledig Almarie te word. "Jy is so moeg dat jy net doen wat jy MOET doen, en dit is nie goed vir die psige as jy eintlik 'n doener is nie. Ek word weer lus vir goed."

Foto - Verskaf



Dit was 'n verlossing om op 14 Maart 2024 die klok te lui om aan te kondig dat sy haar resies voltooi het. Danie en Almarie Kruger het die wedloop saam voltooi.

SIT
WAG
VOEL NIE KERSFESERIG
IN DIE STERIELE GANGE.
WAG IN DIE GANG
VAN TYD
VAN LEWE.
DIS 'N PROSES,
SOLANK JY NET
"HAPPY, HAPPY"
DINK, ROEP, BID.
SKREEU!

(Terwyl ek wag in die hospitaalgang vol kersliggies waar my vrou, Almarie, chemoterapie ontvang)

Danie Kruger

# Reinette veg op 'n natuurlike manier



Foto - Dia van Staden

Reinette de Waal waardeer deesdae haar stiltetyd wanneer sy tyd by God se voete deurbring, rustig sit en lees, 'n mooi stukkie musiek luister of 'n entjie te gaan stap. Sy vermy negatiwiteit en maak haarself 'n prioriteit.

Reinette de Waal (69) is bekend met die groot K. Sy het in 2007 die nuus gekry dat sy dikdermkanker onderlede het. Die kwaadaardige kanker is met 'n operasie en verwydering van die meerderheid van haar kolon gestuit.

Sy is tans in die proses om die aggressiewe Fase 3 borskanker, wat op 18 Augustus 2024 by haar gediagnoseer is, op 'n natuurlike manier te beveg. Dit was egter nie die terugtrek van haar tepels wat haar by 'n dokter laat beland het nie. Haar hart het uit ritme begin klop en daardeur is sy gedwing om mediese hulp te kry. Die dokter wat haar in Kimberley ondersoek en behandel het, het die knop in haar bors opgemerk en aanbeveel dat sy daarna laat kyk.

"Jy ken jou eie liggaam. Ek het die knop al 'n geruime tyd voel groter word, maar dit was nie regtig seer nie. Dit het soms gevoel of naalde in jou bors insteek, maar dit was nie genoeg van 'n waarskuwing vir my nie," vertel Reinette.

Dié besige vrou, ma en ouma vertel hoe vol haar lewe is en dat sy nie werklik tyd vir haarself gemaak het nie. Die sonar se uitslag was vir haar opnuut 'n skok wat haar vergangklikheid in vet rooi letters uitgelig het.

Reinette was alleen by die dokter toe die diagnose uitgespreek is. "Dit is nie 'n grap as jy alleen is en so 'n diagnose moet aanhoor nie," vertel sy met groot oë. Dit was asof my gedagtes vir 'n ruk tot stilstand geruk het. Eers het ek gewonder of ek reg gehoor het, maar daarna het ek, met die Here se genade, besef dat siekte deel van die lewe vorm," noem sy ewe dapper.

Sy redeneer dat siekte nie 'n straf is wat die Here oor mense uitspreek nie, want Hy loop saam met jou daardeur. "Hy los jou nie alleen hierin nie." Sy kon in haar eie woorde vir Carolus, haar man, verduidelik wat die diagnose en prognose van die fase 3 borskanker was.

Die biopsie is gedoen, sodat sy ook haar familie kon kalmeer. Sy het die onkoloog gaan sien maar die kwansuise nuwe opsies van chemobehandeling wat hulle haar gebied het sou, volgens haar, die dokter ryk maak en haar lewenskwaliteit verminder. Die newe-effek van die voorgestelde behandeling sou haar hart benadeel. "Wie in sy regte verstand sal dit aan jouself wil doen!" roep sy uit.

"Ek het jare gelede reeds besluit dat ek, indien ek voor die keuse sou kom, geen bestraling of chemoterapiebehandeling sou gebruik nie, en dat hierdie nie 'n doodsvonnis hoef te wees nie."

Sy vertel dat haar man sommer gou gesê het dat hy geweet het iets is fout. Haar kinders was hartseer en ontstels en hulle wou weet wat sy beplan om te doen. "Ek het mooi vir almal verduidelik hoekom ek die natuurlike metode van genesing kies, en hulle aanvaar dit 100%. Ander familie voel die wetenskap daar is vir 'n rede, maar my keuse is finaal."

Die leefstylaanpassings sluit 'n dieet van vars vrugte en groente, vleis, eiers, kaas en gemengde bessies, wat nie maklik gekombaar is nie, in. Ons eet sover moontlik organies-verboude hoë protein, kom genoeg in son, gebruik suurstofdruppels, Vit B17 en voeg perskepitte by die dieet. "Mens moet kyk wat jy in jou mond sit, daarom het ons onlangs vir ons eie gebruik 'n groentetonnel opgesit." Die grootste kopskuif vir haar was om nie meer koffie te drink nie.

Reinette beveel vroue aan om hul borste gereeld te ondersoek en nie 'n waarskuwing te ignoreer nie. Vroue dink gereeld dat dit net 'n melkklier is wat geswel is, maar sy voel dat dit die moeite werd is om seker te maa ken vir 'n sonar te gaan. Sy is glad nie ten gunste van mammogram nie, as gevolg van die blootstelling aan bestraling.

Sy maak al vir jare gebruik van verskeie frekwensieskandeerders- en behandelings en vind dat dit uiters effektief is. Dit is bio-terugvoerstelsels wat stres in organe kan optel en kan behandel om sodoende die stres te verminder.

Op 'n persoonlike vlak moedig sy mense aan om die hulp van 'n ondersteuningsbasis te aanvaar. Verder por sy mense ten sterkste aan om hul verskille met mense uit te sorteer, meer te oefen en 'n gesonde dieet te volg sodat hulle stresvry kan leef. "Ek het die Here opnuut deel van my daaglikse roetine gemaak, want ek wil 'n boodskapper vir God wees," sê Reinette.

Sy beleef tans beterskap en noem dat die knop in haar bors krimp. "Ek het geen pyn nie en die skanderings toon dat daar tans geen kanker in my liggaam teenwoordig is nie. As dit Sy wil is sal ek gesond word. Indien nie, dan is ek rustig daaroor, want ek gaan dan na Hom toe."

# Sjina is Marna se tydelike tuiste

Dia van Staden - Redakteur

Sy is ter wille van oorlewing in 2019 na Sjina, en na 4 jaar en 10 maande daar het sy gedurende Junie en Julie weer in Suid-Afrika kom kuier. Haar huisie in Opaalstraat, wat sy in 2010 gekoop het, het haar met bekende boeke, meubels, persoonlike kosbaarhede en Orania se alombekende stof verwelkom.

Marna Swart is 'n geregistreerde professionele natuurwetenskaplike (Pr.Sci.Nat), asook 'n GIS-praktisyn (Pr.GISc.) wat haar B.Sc. (Wiskunde en Geografie) en B.Sc.Hons in Geografie aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit behaal het. Sy het navorsing langs die Oos- en Suidkaapse kusduine in Kusgebiedbestuur, 'n onderafdeling van Omgewingsbestuur, vir haar M.Sc. aan die Universiteit van Port Elizabeth gedoen. Sy het in haar loopbaan verskeie kere 'n Geografiese inligtingstelsel vir die Departement Omgewingsake ontwikkel waarmee kaarte op 'n rekenaar dit moontlik maak om allerlei analises daarmee te kan doen.

Marna is meerendeels vir die vak Engels verantwoordelik wat sy tans in Quanzhou, in die Fujian Provinsie as deel van 'n Kanadese program by 'n Sjinese hoërskool, onderrig. Sy het juis in Junie daarheen verhuis om vroegtydig haar permitte te kry, sodat sy vir die eerste keer sedert 2019, 'n besoek aan haar vaderland en haar mense kon bring.

Dié perfeksionis skroom nie vir 'n uitdaging nie. Sy is gemaklik met haar eie geselskap en het vir eers die aanleer van die taal opsy geskuif sodat sy op haar werk kan fokus. "Sjinees is baie moeilik, aangesien hulle van vier toonhoogtes gebruik maak. "Dit is my vyfde taal, maar beslis die moeilikste! Die foonvertaler maak egter kommunikasie byna soomloos. Ek sal wel een of ander tyd weer die volledige aanleer van die taal aandurf, al is dit net vir basiese dinge oor kos," vertel Marna. Dit neem haar soms byna twee ure om uit te vind watter bestandele in kos gebruik word.

Dit gebeur gereeld dat haar leefritme uit werk, eet, soms slaap en busry bestaan. Noudat sy haar Sjinese bestuurslisensie het mag dit haar tot nog meer avonture lei. Sy het sedert 2023 'n paar keer 'n kar gehuur om die Hainan-eiland die Guangdongkus, berge en 'n dam te verken. Dit is plekke waar min uitlanders en selfs Sjinese al gekom het.

Tussen die uitwerk van lesse en opbou van leermateriaal spreek sy haar waardering vir die pragtige land uit en ontdek graag nuwe dele daarvan. "Ek fokus op die positiewe."

Sekere goed bly vir haar eienaardige in dié land. Sy is allergies vir gluten, suiwel, eiers, heuning en soja en is bloot te onseker oor wat hul in hul kos gebruik en byvoeg. Al wat sy wel eet is klein vleisstukkies wat op sosatiestokkies bedien word. Groente soos sampioene en selfs blaarslaai word op stokkies gerygen gebraai. Sy het al gewaag om gebraaide paddas in Yiwu te eet en dit het soos hoender gesmaak. Sy gril vir hulle sop wat herinneringe van haar koshuis se skottelgoedwater oproep.



Marna Swart het in Augustus, na byna 5 jaar in Sjina, weer haar huis en gemeenskap in Orania kom besoek.

Marna is in Augustus 2019, net voor sy na Sjina verhuis het, met die groot K gediagnoseer. Sy was tot 2022 op 'n uiters streng dieet van rou groente, slaai en vis. Sy geniet dit om haar eie kos te maak. "Jean is 'n Suid-Afrikaner wat baie gewild is vir sy vleis wat jou minder laat huistoe verlang. Toe ek in Desember 2022 kankervry verklaar is het ek myself bederf met tjops, skilpadjies en boerewors uit sy slaghuis in Beijing en Shanghai," noem sy. Hy kan by www.farmerbutcher.com gekontak word.

Sy komplimenteer wel die Sjinese se vars vrugtesap wat by talle stalletjies of winkeltjies te koop is. In Yiwu het sy 'n paar keer saam met 'n Turkse kollega by 'n Turkse restaurant geëet en in Shenzhen by 'n gawe Sjinese restaurant, waar die SA-braai aangebied was. Daar het sy lamtjops en skyfies geniet. "Wanneer ek 'n McDonald's of KFC sien eet ek skyfies daar." Sy het altyd sout, mes, vurk en teelepel by haar wanneer sy reis, want dit is nie oral beskikbaar nie.

Haar belewenis van die grendelstaat in Sjina, waar sy vir 19 maande, 2021 tot 2023 gebly het, en tydens die erge inperkings van 2022 in Yiwu in die Zhejiang Provinsie agter ysterheinings, hekke, lemmetjiesdraad en rolle lemmetjiesdraad letterlik ingegrendel was. Daar het sy vir laerskool (Gr 1 tot 6) mondelinge Engels gegee en eintlik die kleintjies vreeslik geniet omdat hulle wil nog leer en nie omgee wat ander van hulle dink nie! Sy het al wiskunde, geografie en omgewingstudies ook aangebied. Soms is haar kontrak by 'n skool slegs drie maande, maar die rondtrekkery sorg dat sy telkens nuwe dele van die land ontdek.

Marna is al sedert 1986, toe sy 'n student aan RAU was, 'n ondersteuner van selfwerksaamheid en die volkstaatideaal. Sy het middel 2012 na Orania verhuis. Wanneer sy nie meer 'n werkspermit in Sjina kan kry nie, sal sy terugkeer na Orania. "Ek moet nou spaar vir my oudag!"

'n Groot uitdaging is dat sy nie werklik haar geloof in die publiek kan uitspreek nie. "Jy moet baie let op jou optrede, want dit word jou enigste getuienis vir kinders," vertel Marna. Volgens haar kan sy slegs die musiek in 'n Sjinese kerk verstaan. Die kultuurverskille soos die gespoeg, gesnork en winde opbrekery is iets van hul kultuur waaraan sy net eenvoudig nie gewoond sal kan raak nie.

As Marna weer moes kies sou sy dieselfde beroepspaadjie kies, want sy het haar beroep geweldig geniet. Die tekort aan geleenthede en die feit dat mense nie haar veld werklik verstaan het nie het haar genoodsaak om 'n ander uitweg te soek.

Sy wil jongmense aanmoedig om 'n beroep te kies waarvan hulle sal hou. "Moet nie iets kies wat jou ouers wil hê jy moet doen nie, want dan sal jy altyd ongelukkig wees. Volg jou droom! Maak die beste van elke geleentheid! Wees jou beste self!"

Promosie

## Die Voortrekkermonument lééf in Erfenismaand!

Die Voortrekkermonument (VTM) is elke dag 'n miernes van bedrywighede en hiérdie Erfenismaand was geen verskil nie, met verskeie feeste én die eerste Nagtoermaraton wat vir groot opwinding op die terrein gesorg het.

Meer as 12 000 mense het die monument en terrein deur die maand besoek en dit sluit die feeste uit.

Erfenisdag is jaarliks 'n groot hoogtepunt op die VTM-kultuurkalender en vanjaar het duisende mense weer op dié dag by die monument kom kuier om hul kultuur te vier, maar die kersie op die kultuurkoek was verreweg die nagtoere wat tussen 20 en 27 September aangebied is.

Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die VTM dat dié Nagtoermaraton aangebied is en honderde mense, insluitend besoekers uit Hongarye, Duitsland en Nederland het die opwindende toere meegemaak.

Christa van de Wetering het ses Nederlandse studente van die Greijdanus School in Zwolle, Nederland, na dié toere genooi as deel van die jaarlikse Sparkles Exchange-uitruilprogram van die Gereformeerde Skool Dirk Postma in Waverley.

Sy vertel dat dié uitruilprogram die leerlinge blootstelling gee aan ander kulture en hul geskiedenis, en die nagtoer was vir haar die perfekte manier om die jong Nederlanders aan die Afrikanerkultuur voor te stel.

"Die Voortrekkermonument was vanjaar 'n groot hoogtepunt vir die studente veral omdat hulle die geskiedenis van die Groot Trek op so 'n unieke manier kon leer."

"Die toneelspel en beligting was asemrowend, tog was die lekkerste deel van die toer volgens al die studente die boerebederf voor die vertonings," sê Van de Wetering.

Die groep het 'n behoorlike kultuurinspuiting by die monument gekry en heerlike potjiekos en tuisgebakte brood hiér geniet.

"Daar's min dinge so eg Suid-Afrikaans as 'n lekker bord potjiekos, so dit was 'n heerlike verrassing tydens die nagtoere," sluit Van de Wetering af.

Die Nagtoer was vanjaar ook vir die eerste keer in Engels aangebied en een van die besoekers, Agnes Feher, sê dit was ongelooflik om die geskiedenis op so 'n skouspelagtige manier te kon leer en ervaar.

"Ons het die toer baie geniet. Daar is soveel van die stories wat ek reeds geken het, maar om dit só te ervaar en déél te word van die vertelling was werklik asemrowend," sê Feher.

Christiaan Jordaan, toerismehoof van die VTM, sê hy is baie opgewonde dat die monument vanjaar tydens Erfenismaand weer bewys het waarom dit as een van die gewildste toeristeaantreklikhede in die land bestempel word.

"Erfenismaand was beslis 'n hoogtepunt vir ons by die VTM met meer as 12 000 mense wat vandeesmaand die monument en terrein besoek het, dan praat ons nie eers van dié wat hier kom kuier het op Erfenisdag, tydens ons Nagtoere of met die afgelope naweek se Wyn en Wildsfees nie," sê Jordaan.

"Die monument is werklik 'n tuiskomplek vir almal wat hul kultuur wil kom uitleef en dit maak ons baie trots om te sien dat dit nie net plaaslike besoekers is nie, maar mense van alle uithoeke van die aarde wat inkoop in die verhaal wat ons hier vertel. Met die nagtoere het ons ook op die laaste aand 'n 10de verjaarsdagpartytjie aangebied wat net weer bewys dat ons land se jongmense ook 'n groot liefde het vir hul kulturele erfenis en dit gee my baie hoop!"

Jordaan sê hy hoop dat hierdie Erfenismaand mense geïnspireer het om nie net een keer 'n jaar hul kultuur te vier nie, maar dit elke dag uit te leef, en waar beter om dit te doen as by die Voortrekkermonument?

## Erfenisdag by die Voortrekkermonument vier Genealogie en Familie-erfenis

Promosie

Die Voortrekkermonument het op Erfenisdag behoorlik gewemel van opgewondenheid met die lang verwagte Genealogie- en Familiefees wat weer vanjaar aangebied is.

Die geleentheid, 'n geliefde tradisie, het vir feesgangers 'n unieke geleentheid gebied om diep in hul familiewortels te delf terwyl hulle 'n verskeidenheid aktiwiteite geniet wat toegewy is aan die bewaring van familie-erfenis.

Die FAK Genealogielessenaar, wat in Januarie 2020 gestig is, was 'n sleutelkenmerk van die dag. Die lessenaar, wat oorspronklik geskep is om FAK-vriende en die breër publiek met genealogiese navorsing by te staan, verskaf steeds waardevolle inligting oor stambome en erfenis. Besoekers is begroet deur 'n verskeidenheid kundiges wat gereed was om hulle te help om hul ingewikkelde familiestambome te ontsluit.

Jean Visser, een van die feesgangers was baie beïndruk met wat hy ervaar het by die Genealogiefees.

"Dit was vir my vreeslik lekker om my stamboom op te soek in die bronne wat daar was vandag. Ek het nie gedink ek sal enige iets vind nie, aangesien my oupa op 'n skip in Suid-Afrika aangekom het van Nederland af. Ek het toe uiteindelik op my oupa se pa afgekom in een van die boeke."

'n Hoogtepunt van die dag was die insiggewende paneelbespreking getiteld "Die A, B, C, D, E, F, G van Genealogie," gelei deur Isabel Groesbeek, FAK se projekbeampte vir genealogie.

Saam met haar was gewaardeerde genealogiese kundiges Tertius Bartmann en dr. Andrew Cook, wat die gehoor in 'n gesprek oor die grondbeginsels van genealogiese navorsing betrek het. Dit het groot entoesiasme onder beide beginners en ervare genealoë aangewakker.

"Die Genealogiefees het 16 verskillende familiebonde, uitgewers en uitstallers gesien waar feesgangers heerlik kon saamkuier en navraag kon doen oor hulle voorouers en stambome. Die mense het dit baie geniet en die uitstallers het ook weer 'n netwerkgeleentheid gehad. En dit is dan nou juis die doel – om persoonlike erfenis te bevorder en seker te maak dat elke persoon sy eie familiestorie skryf," sê Groesbeek.

Feesgangers het ook 'n wye verskeidenheid van spesifieke stalletjies verken, waar hulle dieper in die geskiedenis van verskillende familiename kon duik. Hierdie interaktiewe ervaring het feesgangers in staat gestel om op 'n sinvolle manier met hul erfenis te skakel en meer oor hul familie-oorsprong te leer.

"Ek was so ver elke jaar hier gewees en dit was regtig 'n lekker dag gewees. Vandag was baie besonders met al die verskillende uitstallings en familiebonde wat vandag hier teenwoordig was," meen Dennis Malan, voorsitter van die Malan-familiebond Suid-Afrika en bestuurslid van die Hugenote Vereniging.

Barry Müller, hoof van nasionale projekte, het klem gelê op die belangrikheid van genealogiese navorsing.

"Vir 'n volk wat diep gewortel is in ons geskiedenis, speel genealogiese navorsing 'n kardinale rol in die herontdekking van ons erfenis. Dit gee ons jongmense nie net insig in waar hulle vandaan kom nie, maar versterk ook hul kulturele selfvertroue. Deur die stories van hul voorouers te leer ken, kan hulle 'n sterker identiteit bou en met groter trots hul kultuur en tradisies dra," sê Müller.

Die dag is afgesluit met 'n opwindende gelukkige trekking, waar die gelukkige ses wenners, Janine van der Walt, Jan-Ludi Esterhuizen, Johan Swart, Nick Swart, Annamarie Dreyer en Liesl Loock weggestap het met pryse wat wissel van 'n naweek vir vier by die FAK se rivierplaas, Udolpho, in die Vrystaat tot 'n Buffetete vir twee by die Voortrekkermonument.

Met prettige aktiwiteite vir die hele gesin en 'n sterk fokus op genealogie, het vanjaar se fees weereens die belangrikheid beklemtoon om te weet waar ons vandaan kom en om die bande wat ons saambind, te vier.

Genealogieliefhebbers kan ook uitsien na die Genealogie- en Familiefees wat in die Kaap op Saterdag 19 Oktober 2024 aangebied word. Die fees word aangebied deur die FAK se Kaapse kantoor in samewerking met die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere (SASNEV). Die fees word by SASNEV, Sentraalplein 4, Pinelands, Kaapstad gehou en kostes beloop R60 vir volwassenes en R30 vir skoolgaande kinders.

Vir meer inligting oor genealogie of om toegang tot genealogiese hulpbronne te verkry, besoek die FAK-webwerf of kontak vir Isabel Groesbeek by isabel@kultuurtuiste.org.za

GRONDLYN **Begronde riglyne vir vandag se vrae**

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

# Vryheid in ons lone

Alistair van Heerden - Begrond

### GOEDKOOP ARBEID?

Is dit genoeg om net te probeer oorleef? 'n Minimum loon word wetlik voorgeskryf. Dit verwys na die laagste bedrag wat 'n werkgewer moet betaal sodat 'n werknemer basiese oorlewing kan verseker. Die fokus lê dan op wat die minimum is wat 'n mens kan gee vir die persoon se arbeid. Dit neem nie die wyer menswaardigheid of werklike behoeftes in ag nie. Hierdie beskouing lei tot 'n instrumentele benadering tot mense. Ons medemense word dan gesien as middele wat gebruik moet word om werk te verrig. Die vergoeding is dan net genoeg om oorlewing te verseker.

Die vraag wat hier opduik is: is oorlewing genoeg? In die Bybel sien ons dat God van Sy mense meer verwag as net om vir die basiese oorlewing van ander te sorg. In Levitikus 19:13 staan daar: "Jy mag jou naaste nie verdruk of beroof nie. Die dagloner se loon mag by jou nie tot die môre toe bly nie." Die teks dui aan dat mense se arbeid behoorlik vergoed moet word. Jy mag nie jou naaste verdruk of beroof nie. Dit beklemtoon dat geregtigheid in lone moet gaan oor respek vir die persoon en sy arbeid.

### VRYHEID DEUR ARBEID

'n Regverdige loon is 'n veel dieper konsep wat fokus op die waarde van 'n persoon en sy arbeid. Dit beteken om in harmonie met God se geregtigheid te leef. Dit vra die vraag: wat is 'n regverdige loon? 'n Regverdige loon stel mense in staat om volledig menswaardig te leef. Sodat elkeen aktief kan deelneem aan die gemeenskap, eerder as om net te oorleef.

Die Bybel wys op verskeie plekke dat werkers regverdig behandel moet word. In Jakobus 5:4 waarsku die Bybel teen die wat werkers uitbuit: "Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare." Dit is 'n ernstige waarskuwing dat ongeregtigheid in lone God se geregtigheid oortree en 'n morele las op die gemeenskap plaas.

### HOE MAAK ONS DAN NOU?

Die minimum loon is daarop gefokus om 'n werknemer net te laat oorleef. Dit ignoreer dikwels die breër regte en waardigheid van die individu. 'n Regverdige loon, aan die ander kant, dra 'n sterk etiese en Bybelse karakter. Dit erken dat mense geskape is na die beeld van God en daarom nie net moet oorleef nie, maar in vryheid moet kan lewe. Die



Here Jesus se woorde in Matteus 7:12, "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen" beklemtoon die oproep tot regverdigheid en om ander mense met respek te behandel.

### 'N EIE EKONOMIE?

In Orania het ons eie arbeid, eie instellings, eie grond, maar wat van 'n eie ekonomie? In Orania, met sy fokus op selfstandigheid en 'n nog ontwikkelende ekonomie, is daar 'n praktiese uitdaging om 'n regverdige loon te verseker. Die ekonomie van goedkoop arbeid in Suid-Afrika kan dit moeilik maak om werklik regverdig te wees in loonbetalings. Die druk van koste en die klein skaal van besighede beteken dat minimum lone meer realisties is as regverdige lone. Die spanning tussen ekonomiese oorlewing en morele regverdigheid is 'n voortdurende uitdaging.

Ons op Orania, kan dit gesamentlik aanpak as ons dieselfde doel voor oë het. Die uitdaging vir ons op Orania is dus om maniere te vind om regverdigheid te balanseer met die realiteite van 'n klein, groeiende ekonomie. Dit sluit in die skep van omgewings waarin werkers nie net 'n minimum loon ontvang nie. Maar eerlike vergoeding wat hulle toelaat om volwaardige lewens te leef en by te dra tot die gemeenskap. 'n Lewe van vryheid.

### TEN SLOTTE

Terwyl Orania steeds op pad is na volledige vryheid en selfstandigheid, en uiteindelik streef na die doel van 'n republiek. Is dit belangrik dat ons intussen die ongeregtighede van die huidige Suid-Afrikaanse stelsel neerlê. In hierdie tyd van bou en groei moet ons, as 'n gemeenskap, ons ore spits vir die stem van God in Sy Woord. Hy roep ons op om regverdig te handel. Nie volgens die minimum vereistes van oorlewing nie, maar volgens die beginsels van liefde en geregtigheid wat ons oproep om mekaar in waardigheid te behandel. So kan ons, selfs nou, begin om 'n gemeenskap te vestig wat werklik op God se geregtigheid gebou is. Om 'n voorbeeld te wees van Sy koninkryk op aarde.




Dr Chris Vorster verduidelik hoe die werkwinkel aangebied sal word:

- Deelnemers aan die werkwinkel sal beide tekste wat verskaf is vooraf moet lees, asook 'n gedrukte kopie van elke teks moet saambring.
- Hoewel almal elke sessie moet bywoon (kennis oor die ander dissiplines is essensieel), sal deelnemers se individuele fokus (regie, spel of skryf) natuurlik verskil tydens die lees van die tekste.
- Die regisseurs moet dink aan hoe hulle die stukke op die verhoog sal plaas (asook stel, styl, plasing, ens.)
- Toneelspelers moet gunsteling karakters uit die tekste identifiseer en kan verduidelik (en motiveer) hoe hulle die karakterisering sou aanpak.
- Skrywers moet kyk na die inhoud en struktuur van die stukke, moontlike kritiek en alternatiewe (verbetering/vernuwing) kan voorstel.

Voorwaarts

Chris Vorster



Gemeenskapsnuus
KOERANIA


# Sy vier die soetigheid van die lewe

Dia van Staden - Redakteur

Die Wafelhuis het in April 2023 sy roomys- en wafeldeure geopen. Ilze Smit, die eienaar, is innoverend en hou van vernuwing. Haar gunsteling op die spyskaart is 'n Chai dubbeldik melkskommel. "Dit smaak verruklik," sê sy terwyl haar kenmerkende klokhelder lag opklink.

Ilze en Derick Smit het gedurende Desember 2021 vanaf die Wes-Kaap na Orania verhuis en het gou tot die gevolgtrekking gekom dat hulle die hitte van die Karoo met iets kouds sal moet probeer verdryf. In April 2023 kon dié wat warm kry die Wafelhuis as 'n roomyshawe ontdek.

Sy vertel dat die kies van 'n naam 'n uitdaging was, maar dat sy uiteindelik tevrede was met Wafelhuis. Daar is hoofsaaklik met draairoomyse en wafels afgeskop, maar tans word daar byna maandeliks iets nuuts op die spyskaart of die rakke bygevoeg.

Dit is alombekend dat Orania slegs twee seisoene het, winter en somer. Wanneer die hittige somer wyk maak dit plek vir 'n uiters geniepsige winter. Daar is egter planne beraam en die soutwafels wat as 'n plaasvervanger vir 'n vervelige ontbyt dien, bevat spek, eier, sampioene, uie en kaas op 'n smullekker wafel. Die heerlike pannekoekopsies is baie gewilde winterkeuses.

Die somer het egter skielik opgedaag en nou is dit weer tyd vir kinderpartytjies met roomyskoeke, balonne, gekleurde bordjies en allerhande temaversierings wat alles by die Wafelhuis te koop is. Tussen 6 en 20 kinders kan vir 'n partytjie geakkommodeer word. Elke maatjie se geluksakkie of boksie word volgens die tema en die ouer se begroting deur Wafelhuis voorberei.

Kinders kan in 'n beheerde omgewing hulself geniet. Elkeen bou hul eie wafel deur 'n bolaag van hul eie keuse op te sit en verder al die smaaklike opsies op die tafel te beproef. "'n Partytjie tuis laat jou met hoër kostes en die gemors om na die tyd self op te ruim. Hier doen die Wafelhuis se personeel dit vir jou," sê Ilze.

"Ons hou geskenke en partytjiebenodighede in voorraad, want die ouers vind dit maklik om van ons instapdiens gebruik te maak kort voor 'n partytjie gehou moet word of daar die laaste minuut geskenk vir 'n maatjie gekoop moet word," gesels Ilze.

Families en studente maak ook van geleenthede gebruik om in groepe saam te kuier terwyl daar aan 'n soet draairoomys, kleurvolle bakkie met roomys of iets anders op die spyskaart gesmul word. Ilze verwys na hul een kliënt wat hul weekliks besoek en haar breiwerk saambring, omdat daar 'n heerlike kuieratmosfeer met gewilde outydse musiek geskep word.

Die aanstel van personeel is 'n gedurige uitdaging en sy vind dat mense aansoek doen om te oorleef, eerder as dat hul 'n aanvoeling vir dienslewering of die produk sou hê. "In 'n kliëntediensomgewing moet daar hart en toewyding wees. Dit moet amper 'n tweede huis vir jou wees. As daar vir iemand kos voorgesit word moet dit uniek en lekker wees. Slegs as jy jou hart in jou werk sit, gebeur dit." Ilze glo egter dat sy nou 'n wenspan het!

Ander gunstelinge vir Ilze is hulle koffie, maar die gedurige toevoeg van nuwe produkte bly vir haar lekker. "Ons bekostigbare pryse en gehalte produkte moet vir elke besoeker 'n aansporing wees om ons weer te besoek en by vriende aan te beveel."

Gee vir haar die bosveld, 'n lekker koppie rooibostee en 'n kampplek waar jy vriendelike mede-kampeerders kan ontmoet, maar ook vrede kan ervaar. "Kamp het onlangs onder my vel kom inkruip en dit bly 'n interessante ervaring," sê Ilze.

Dié diereliefhebber sit met 'n erf vol viervoetiges. Sommige van hulle diere is nog op die plaas in Villiersdorp, maar sy beoog om al die diere op 'n stadium na Orania se vlakte-erf te skuif.

Ilze skram nie daarvan weg om haar eerbied vir God uit te spreek nie. "Dié mense wat nie lief is vir God nie, het Hom nog nie ontmoet nie," verklaar sy onomwonde. "My eerste gesprek en laaste gesprek van die dag is met Hom. God is altyd daar vir jou, maak nie saak wat jou uitdagings is nie. My verhouding met hom is belangrik en deurslaggewend. As mense na jou kyk moet hulle wil hê wat jy het, en dit is nie aardse goed nie, dit is iets wat uit jou siel moet straal."


Foto - Dia van Staden







## Pekanneutkonferensie 2025 gaan oorBOORD

Die beplanning vir die jaarlikse A – Z Pekanneutkonferensie wat op die Dendronplaas buite Orania aangebied word sal vir kundiges, besoekers, leke en voornemende boere 'n inspirasie wees.

Organiseerders van die konferensie het koppe bymekaar gesit om 'n uitstekende program, wat praktiese hoogtepunte en hope leersame sessies sal insluit, te beplan. Dit word in die vooruitsig gestel dat daar op 8 en 9 April 2025 'n samevoeging van baie kundigheid sal wees waaruit elke besoeker en deelnemer kan put.

Daar sal aktuele kwessies oor grond, water, snoeimetodes en die biologie van pekanboerdery bespreek word. Voldoende tyd sal vir besprekings, vrae en informele gesprekke gegun word. Dit bly vir dr Ben de Klerk, Johan Coetzee en Francois Slabber 'n prioriteit om geleenthede soos dié aan te bied om van mekaar te leer en op hoogte van die nuutste tegnologie te bly.

Die oggende sal aangewend word waar sprekers hul kundigheid sal deel om boere te bemagtig en albei middae word opsy gesit vir boordbesoeke- en besprekings waar praktiese aanbiedings sal geskied en waar platinum borge hulle produk of diens ten toon kan stel.

Daar sal genoeg inligting ingewin kan word sodat onnodige struikelblokke voorkom kan word.

Kom geniet Orania se Afrikanergasvryheid!

Stuur 'n e-pos aan a-z@pekan.co.za om vir die konferensie te registreer. Meer besonderhede sal binnekort gedeel word.


Dr Ben de Klerk


Francois Slabber


Johan Coetzee

# Potchefstroom se aardklop bied 'n verhoog vir die kunste

Dia van Staden - Redakteur

Aardklop is van 24 tot 29 September aangebied en die tema vir 2024 was, Hier kom ons!

Koerania het 'n media-uitnodiging ontvang om Aardklop by te woon en het sekere vergunning gekry om 'n paar vertonings by te woon. Elke bladsy van die feesgids maak dit nog moeiliker om te kies wat jy wil hoor, sien of beleef.

Toneel, kinderteater, musiek, leefstylaanbiedinge, aktuele- en boekbesprekings, visuele kunste het deel uitgemaak van 'n gepakte program. Die feesterrein, met vele kosstalletjies en ander items wat te koop aangebied is, het duisende voete getrek.

PretoriaFM het as mediavennoot opgetree en het 'n rits onderhoude met kunstenaars gevoer wat as promosie vir hul optredes gedien het.

Koerania se fokus was wel aktuele en boekbesprekings, maar die musikale en storievertelvernuf van Amanda Strydom – Hoe ons voel, Coenie de Villiers – Op 'n eiland en Leon Gropp – Rooidag NP van Wyk Louw getoonset, was uit die boonste rakke en bloot musikale perfeksie. Daar was 'n hele klomp ander fantastiese aanbiedinge, maar die lywige program maak dit onmoontlik om by alles uit te kom.

Befaamde kitaarspeler Mauritz Lots het 'n paar keer tydens die week sy verskyning gemaak om sy pragtige talent by 'n paar produksies te voeg. Hy kraai veral koning in Roem, waar Coenie de Villiers en Deon Meyer kragte saamspan om 'n Musiekverhaal te skep.

Boekhoogtepunte was die gesprekke met Emma van der Walt – Die donker wêreld van mensehandel, Ivor Swartz en Johnny Davids – Nogtans en ten spyte van, Ebbe Dommisse – Die lewe van 'n magnaat, Dibi Breytenbach – Heksejag en Hykie Berg – Geroep vir meer.

In 2025 word die Aardklop Nasionale Kunstefees van 7 tot 12 Oktober aangebied.

Hou hul op FB dop vir meer: Facebook

Fotos - Orania Beweging


Hykie Berg is 'n indrukwekkende spreker en het die gehoor met sy staaltjies vermaak.


Zelda la Grange het haar nuutste boek – Lesse van 'n ikoon, bespreek.


Riette Rust het haar memoir, Die Geskenk, bespreek. Lede van die gehoor het hul meelewing getoon tydens die vraesessie.


Deryl en Marcel Denam saam met Pietman Geldenhuys en Anna Davel nadat hulle hul Swerwersongs-produksie gelewer het.


Dit is verstommend om te luister na die tipe navorsing wat Dibi Breytenbach doen voordat sy 'n grilboek kan uitgee. Haar boek, Heksejag, is bespreek.

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Plaas jou geklassifiseerde advertensie teen R350 vir maksimum van 60 woorde en laat die gemeenskap weet wat jou behoefte is.
E-pos jou advertensie na advertensies@koerania.co.za

- TE KOOP
- WERK GESOEK
- VAKANTE POSTE
- VEILINGS
- EIENDOM
- REGSKENNISGEWINGS EN TENDERS
- LANDBOU
- BOEDELKENNISGEWINGS

**Roux Welgemoed & Du Plooy Prokureurs**

E. Pretorius

Estate late ELLA PETRONELLA PRETORIUS, ID-no. 480128 0020 089, date of death 2023/10/10, date of birth 1948/01/28, last address H027 Oewerlaan, ORANIA, Northern Cape. Estate-no. 003468/2024.
All persons having claims against the above Estate are called upon to lodge their claims with the Executor(s) concerned within a period of 30 days from the date 2024/10/11.
Any debtors of the estate are requested to pay amounts owing to the executor within the aforesaid period.
R E E DU PLOOY
ROUX WELGEMOED & DU PLOOY Attorneys,
14 Stead Street, KIMBERLEY, 8301. Tel. 053 833 1437,
Ref: DU PLOOY/BP0006.

**Eleksa Orania Pendeldiens**
van Kleingeluk tot by Orania-Wes.
Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Elekssa en Vulstasie.

ELEKSA Pendeldiens

**Ɵ10 per rit**

Kinders 0 – 5 jaar gratis as op ouer se skoot sit
Bejaardes 75 en ouer tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer

Elke halfuur vertrek vanaf Gannabos om 05:45

Vertrek vanaf die vulstasie om 06:15 – 08:00 elke halfuur, en daarna elke uur

Dienste stop daagliks om 18:30

Saterdae se eerste rit om 06:15

GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!



VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575

## ORANIA DAGBOEK

**OKTOBER -**
12 Oktober - Kleinreus halfmarathon
26 Oktober - Lentedans

**NOVEMBER -**
11 November – Witkruisdag
15 November - Koerania Uitgawe 12 verskyn
16 November - Ontwerpers Stravaganza

**DESEMBER -**
6 Desember – Koerania Uitgawe 13 verskyn
14 Desember - Son, Safari & Styl Modeparade in die Aan-die-Oewer tuin
16 Desember - Geloftedag
18 – 20 Desember – Sinkplaatfietstoer
25 Kersdag
26 Gesinsdag






Gemeenskapsnuus
KOERANIA

VANUIT DIE GEHOOR

# KAALVOETKONSERT



Deur - **Dewald Otto**

In Orania word daar hard uit verskeie oorde gewerk aan die behou van volkseie Afrikanertradisies. Hier word ook belê in Oraniatradisies wat voortbou op ons liefde vir kuns en kultuur. Die Kaalvoetkonsert vorm deel van die jaarlikse Orania Karnavalvieringe en mag ek sovêr gaan as om te sê dat dit gevestig is as een van daardie tradisies waarna daar elke jaar, sonder uitsondering, uitgesien word.

Wanneer jy die Gemeenskapsaal nader en net verby die Beeldekoppie kan sien dat die parkeerarea tot oorlopens toe vol is, dan weet jy hier kom 'n ding. 'n Feestelike atmosfeer in 'n stampvol saal begroet jou en daar word met oorgawe gekuier en rumoer. Die gehoor sluit vakansiegangers van heinde en verre in wat besluit het om die skoolvakansie in Orania te spandeer, en te deel in die nou-al welbekende, Orania Karnavalfeesvieringe.

Die verhoog is opgemaak met allerlei sporttoerusting, wat by vanjaar se tema "Kaalvoetspele September 2024" aansluit. Die woorde Geloof, Hoop en Liefde het in liggies agterop die verhoog gepryk. Die program toon dat die gehoor kan uitsien na 25 sangitems. Onder leiding van ons burgemeesteres, Lida Strydom, skrywer, vervaardiger en verteller skets die storie 'n dorpie in die Noord-Kaap wat sy eie "Olimpiese Spele" hou. Die Kaalvoetspele soos dit gedoop is, wys vir die wêreld dat "'n bespotting van Christenskap" wat ten toon gestel is tydens die openingseremonie van vanjaar se olimpiese spele, nie geduld sal word nie, maar dat atlete kan kragte meet met Christen Geloof, Hoop en wedersydse Liefde.

Wat 'n skouspel was vanjaar se konsert nie! Die wekelange voorbereiding en opoffering het groot dividende betaal. Puik klank en beligting met verhoogbestuur wat hulself 'n pluimpie kan gee, want om die dekor 25 keer te verander sonder om die vloei van die konsert te vertraag, vat 'n spesiale poging. Dit is duidelik vanuit die gehoor dat die akteur en aktrise hulle rolle met oorgawe vertolk. Dit mag dalk oordrewe klink, maar dit is asof die woorde en gepaardgaande emosie deur elkeen self gepen en ervaar is. Die absolute oortuiging waarmee items gelewer is sonder om self te sing en die gevoel wat met gebare, lyftaal, dans en gesigsuitdrukkings oorgedra is, was wonderlik. Elke lied het tot die verhaal bygedra en die milieu word deurgaans deur die verteller ingekleur.

Vanjaar se konsert het die emosies laat opvlam van die eerste item "Soos 'n vlam in die nag" en met elke Afrikaanse lied daarna wat jou opnuut laat besef wat 'n voorreg dit is om Godvresende Afrikaners te wees wat saam kan lag en huil tussen jou eie mense. Die afsluiting "Dis wie ons is" was so gepas. Dit het my ook laat wonder hoe kry tannie Lida elke jaar so baie mense wat bereid is om hulle trots in hulle sakke te steek en te sê hoe kan ek die mense help vermaak. Om 'n beste lied te kies voel half onregverdig en gelukkig was dit die werk van die drie beoordeelaars. Met pure plesier het "Swem, Jannie, swem", "Tannie Katesbes", "Orania Kletsrym", "Breek my Hart" en "Ruiter van die windjie" beslis al die regte knoppies gedruk. Ek dink ook spesiale vermelding moet gemaak word van Orania Kletsrym wat die enigste oorspronklike lied van die aand was. MC Frikkie en Eben Klein het met 'n foutlose vertoning die gehoor laat skaterlag en saam laat kletsrym. Dié kletsrym is oorspronklik vir vanjaar se Orania Skouspel deur Frans de Klerk geskryf.

Tannie Katesbes is as wenner deur die beoordeelaars aangewys en was waardig van die titel maar ek kan net dink dat dit 'n moeilike besluit moes wees. Die gebruiklike veiling aan die einde van die aand waar die gehoor deur middel van hulle beursies hul gunsteling kan aanwys, was 'n kop aan kop besigheid met duisende ora wat vir 'n pioniersbeeld ingesamel is. James Kemp wat die veiling behartig het was op sy stukke en het die veiling in 'n komiese bydrae tot die konsert omskep.

Dae na die konsert was my stem nog seer van al die saamsing. Die liedjies het nog in my kop weerklink en ek het gewonder hoe Janneman Roux in Ruiter van die Windjie sy bene so hoog kon skop en hoe lekker dit was om as een man "Ja" te skreeu elke keer as Eben de Klerk daarvoor vra. 'n Gemeenskap word gevorm en kry standvastigheid deur dit wat ons saam doen en beleef. Mag die Kaalvoetkonsert sy rol in die verband vir altyd vervul.

## Die graad 12's is deftig getooi

Die Volkskool Orania het op Vrydag 4 Oktober hul stylvolle matriekafskeid by die Banketsaal gehou. Die Hollywood-tema is met 'n rooi tapyt ingelei en die deftige matrieks met hulle metgeselle kon aansit vir 'n Oscaraand vol verrassings, lekker kos en 'n geleentheid om behoorlik uit te hang.



Juané Minaar was pragtig in rooi getooi.



Elné du Plessis, Karlien Niemann, Jané Saayman, Jessica de Klerk en Nessa Trollip het 'n glasie op 'n suksesvolle jaar geklink.



Sumarie van Tonder was stylvol in haar swart en blink tabberd.



JJ Lombaard was netjies uitgevat vir die okkasie.



Megan en McKenzie de Beer is twee sussies wat op prettige wyse hul unieke voorkeure getoon het.

## VLOTOPTOG










Fotos - **Orania Beweging**




KOERANIA Sport
September, 2024
Volume 01 | Uitgawe Nr. 10




# Oraniameisies gaan sweet by Hyrox

Dié fiksheidsuitdaging is internasionaal bekend, maar het nou sy buiging in Suid-Afrika kom maak. Hyrox se eerste uitdaging is op 21 September in Kaapstad aangebied.

Vier jong dames van Orania het hulself drie maande gegee om voorbereidings te tref vir dié uitmergelende uitdaging waar elke sessie teen tyd gemeet word. Daar het 25 spanne aan die vroue-aflos deelgeneem en dié dapper dames behaal toe 'n pragtige tweede plek.

Carmen Jacobs vertel hoe sy dié uitdaging al lank op Instagram volg en dat dit haar inisiatief was dat hul registreer. Eers sou sy en Jané Ebersohn as 'n duo inskryf, maar toe besluit hulle om vir die spanafdeling te registreer. Annamarie van der Merwe en Zincke Straszacker word toe bearbei om die span volledig te maak.

Uit hulle opgewonde vertelling oor die ondervinding kan daar afgelei word dat elkeen sy eie sterk punte verstaan en dit na dese nog beter verstaan. Carmen sê dat dit 'n kopding is, want "mens is geneig om op te gee as iets moeilik raak, maar hier moes jy jouself dryf om dit ook vir die span te doen."

Elke spanlid moes twee oefeninge doen en hulle het spesifiek so voorberei. "Daar is redelik baie voorskrifte waaraan elke oefening moet voldoen en jy wil nie die een wees wat die span se punte deur foute verminder nie," babbel hulle.

Elke uitdaging word voorafgegaan deur 'n 1km hardloop, dus was fiksheid deeglik gemeet. Carmen het die eerste hardloopsessie met 1km se



Dapper dames... Jané Ebersohn, Annamarie van der Merwe, Zincke Straszacker en Carmen Jacobs het 'n tweedeplek behaal in Suid-Afrika se eerste Hydrox-uitdaging.

SkiErgs opgevolg. Annamarie was volgende met die sleestoot waar sy 102kg vir 50m moes stoot.

Zincke, die jongste lid van die span, het die 50m sleetrek behartig. Annamarie vertel dat die burpees wat sy oor 80m moes voltooi 'n enorme uitdaging was.

Daarna was Carmen aan die beurt met die 1km roei, Jané met 200m se Farmer's Carry waar twee ketelbels vir 200m gedra word. Zincke se dra van 'n gewigtige sandsak op jou nek terwyl jy lunges oor 100m doen het hulle senuwees geknaag. Jané moes daarna die laaste item, 100 keer 'n medisynebal teen 'n muur en terug gooi (wall balls).

Jane vertel dat, alhoewel die Kaapstadse Konvensiesentrum baie groot is, elke spasie vir die betrokke uitdagings fyn uitgewerk is. Zincke sê dat die voorbereiding in die oop ruimtes van Orania dit makliker laat voel het as wat dit uiteindelik was. "Dit het met tye gevoel asof ek net nie kon klaarkry met die uitdaging nie. Die span se aanmoediging van die kant af het jou die hele tyd gemotiveer."

Die slee van 100kg wat gestoot moes word was vir Annamarie intimiderend, maar uiteindelik haar beste item. Hulle is in retrospek kwaad vir hulself oor die 7 minute wat hulle gebruik het om van een stasie na 'n volgende oor te skakel. Hulle het die agt stasies in 1.21.31 voltooi en die wenners het binne 1.13.45 gewen.

Op 1 Maart 2025 word die volgende Hyrox SA in Johannesburg aangebied en dié vier sal wil gaan deelneem indien daar finansiële hulp sal wees vir hulle inskrywingsgelde, drag, brandstof, verblyf en voedsame etes.

"Jou span is so sterk soos die swakste skakel. Ons was daar vir mekaar," vertel die energieke vier.

KOERANIA
Lees dit! Deel dit!

